# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (26/13)

*Justin Chadwick (28 Junie 2013)*

***GESEGDE VAN DIE WEEK "He who fails to plan is planning to fail" Winston Churchill***

## CGA STRATEGIESE BEPLANNINGS-WERKSWINKEL

Op die 12de en 13de Junie het die CGA Raad 'n strategiese beplannings-werkswinkel gehou. Vorige CGA beplannings-werkswinkels is in 1999, 2001, 2004 en 2010 gehou. Sedert 1999 het vyf van die strategiese doelwitte van die CGA onveranderd gebly (slegs "naamsveranderinge"): "**Fund, Control and Implement Research and Development; Gain, Retain and Optimise Market Access; Administer, Fund and Resource the CGA Group; Provide Product and Quality Assurance** en **Representation**" (met die fokus in 2010 op regeringsverhoudinge). **Drive Industry Transformation** is in 2004 bygevoeg en is na 2010 oorgedra. In 2010 is "**Assist Grower Profitability and Sustainability** en **Facilitate Efficient Logistics**" ook bygevoeg.

Die werkswinkel is deur Louis von Broembsen gefasiliteer. Louis se in diepte kennis van die bedryf het gesorg vir twee konstruktiewe dae. Die werkswinkel het begin met aanbiedeninge deur Elaine Alexander - SA Tafeldruiwe ( "Fruit Industry Social Compact"); Paul Hardman ( Hoe Suid-Afrika vergelyk in die internasionale sitrus-arena); Lukhanyo Nkombisa ("Citrus Growers' Development Chamber" en regering se interaksie met betrekking tot kommiditeitsbenadering); en Stuart Symington van PPCB (Die beeld van die sitrusbedryf en sy interaksie met die regering). Die aanbiedeninge het gelei tot interessante besprekings en het goed ingepas soos ons Louis se "participlan"-metode vir ontwikkleing van die CGA se strategiese doelwitte en aksieplanne aangepak het. Stuart het 'n beroep op die afgevaardigdes gedoen om buite die boks te dink, om dapper te wees en om groot te dink.

Om ons te help om groot te dink, het die Raad drie jong produsente genooi om die werkswinkel by te woon, almal het goeie bydraes gelewer.

Sodra die finale verslag voltooi is en deur die CGA Raad bestudeer is, sal dit aan produsente-lede vir goedkeuring voorgehou word. In wese het die werkswinkel die fokus van die Vereniging bevestig – paar aanbevelings gemaak omtrent die "hoe" en deur "wie" verskillende aksies uitgevoer moet word.

As deel van die oefening het die afgevaardigdes 'n SWOT analise gedoen – sommiges word hieronder aangedui:

| **STERKPUNTE** | **GELEENTHEDE** |
|---|---|
| Transformasie portfolio's regeringsverhoudings | Transformasie en sosiale opheffing |
| Produsente kommunikasie | Verbeter samewerking met regering |
| Toegang tot inligting | Grondhervormingsbeleidsveranderinge |
| River Bioscience en XSIT | Ontwikkeling van markte in Afrika |
| Voedselveiligheidsversekering | Voldoen aan SIZA |
| Sitrus Akademie | Sitrusbedryf se kultuur |
| CRI en Sitrus Verbeteringskema | Meganisasie |
| Navorsing | Wyer toegang tot die VSA mark |
| Marktoegang | Sitrus vergroening affekteer kompitisie |
| Administrasie van heffing en "corporate governance" | BRICS ontwikkeling |
| Goeie basis om van te verbeter; slaan nuwe rigting in | NDP as hoeksteen van beleidsrigting |
| **SWAKPUNTE** | **BEDREIGINGS** |
| Kry nie waarde van Fruit South Africa (lone ranger) | Gehalte van water |
| Raadstruktuur is lomp | Fitosanitêre bedreigings |
| Beeld nie goed bevorder | EU "phytoprotectionism" |
| Insette oor Marktoegang na DAFF | Regering se vermoë en kapasitiet |
| Logistieke ingrypings | Tegniese hindernisse tot handel |
| Fito registrasies | Politieke onstabiliteit in EU en Midde-Ooste |
| Verhoudings met regering | Dalende heffingsbasis |
| Bestuur van arbeidsverhoudinge | Politieke en ekonomiese beleid onstabiliteit |
| Alternatiewe maatreëls vir koue steri | Impak van arbeid onstabiliteit |
| Onvolledige prousente databasis | Insetkostes en inflasie |
| Onvoldoende aandag aan transformasie | Sitrus vergroening en biosekuriteit |
| Bestuur van reserwes | Grondhervormingsbeleidsveranderinge |

## CITRUS BLACK SPOT (CBS) – VERBINTENIS TOT NAKOMING

Die vyfde CBS Bulletin gaan vandag versprei word – dit dek pesvrye areas and pesvrye plekke van produksie. **Tot op datum is daar nog geen amptelike kennisgewing van besendings vanaf Suid-Afrika wat vir CBS in die EU onderskep is nie.**

## GEPAK EN VERSKEEP

| ToT Week 26 Miljoen 15 Kg kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | 2011 | 2012 | 2013 | 2012 | 2013 | 2013 | 2013 | 2012 |
| Pomelo's | 11.7 m | 9.9 m | 13.7 m | 9.1 m | 11 m | 15 m | 16.9 m | 13 m |
| Sagte Sitrus | 5.1 m | 5.1 m | 5.2 m | 4.9 m | 4.5 m | 8.2 m | 7.8 m | 7.6 m |
| Suurlemoen | 5.7 m | 5.2 m | 6.7 m | 4.8 m | 6 m | 11.1 m | 10.3 m | 10.5 m |
| Nawels | 13 m | 14 m | 12.6 m | 10 m | 7.9 m | 24.9 m | 23.9 m | 24.6 m |
| Valencias | 3.3 m | 3.9 m | 2.7 m | 1.6 m | 1 m | 47.7 m | 47.7 m | 47.2 m |
| Totaal | 38.8 m | 38.1 m | 40.9 m | 30.4 m | 30.4 m | 106.8 m | 106.6 m | 103 m |

**SUIDER-AFRIKA SE SITRUSPRODUSENTE BEFONDS HUL TOEKOMS DEUR MIDDEL VAN DIE HEFFING WAT DEUR DIE CGA GEADMINISTREER WORD**